

# Aankondiging van tussentydse resultate

vir die ses maande geëindig 30 September 2024

Deur tegnologie verbeter ons die alledaagse lewe vir miljard mense



## Hoof trekke

	Tydperk geëindig 30 September	2023 VS\$m	2024 VS\$m
Omset	3 443	3 007	6 431
Verdienste per gewone aandeel uit voortgesette bedrywighede (VS-sent)	1 123	812	1 595
Wesensverdienste per gewone aandeel uit voortgesette bedrywighede (VS-sent)	643	311	792
Kernwesensverdienste per gewone aandeel uit voortgesette bedrywighede (VS-sent)	865	454	1 148
Verdienste per gewone aandeel uit totale bedrywighede (VS-sent)	1 097	761	1 532
Wesensverdienste per gewone aandeel uit totale bedrywighede (VS-sent)	638	281	759
Kernwesensverdienste per gewone aandeel uit totale bedrywighede (VS-sent)	860	427	1 121

## Kommentaar

**Fabricio Bloisi en sy span het sedert sy aanstelling as groep uitvoerende hoof van Naspers en Prosus, gefokus op hoe ons vinniger kan groei, meer winsgewend kan wees en hoe ons ekosisteme en mense beter kan laat saamwerk. Die sterk finansiële verbeterings in 1H25 gee aandeelhouders 'n blik op die beduidende geleenthede binne Prosus en Naspers.**

Tensy anders vermeld, vergelyk groei koerse wat in hierdie verslag bespreek word die eerste helfte van die finansiële jaar eindigende 2025 (1H25) met die eerste helfte van die finansiële jaar geëindig 2024 (1H24). Die persentasies tussen hakies verteenwoordig groei uitgedruk in die plaaslike geldeenheid, en sluit die impak van samesmeltings en verkrygings (M&A) uit. Dit gee 'n duideliker blik op die onderliggende bedryfsprestasie van ons besighede. Finansiële resultate word op die grondslag van voortgesette bedrywighede weergegee.

Vir die ses maande tot 30 September 2024 het die groep die winsgewende groei in sy kern-e-Handelbesighede voortgesit. Gekonsolideerde e-Handelinkomste het met 15% (24%) tot VS\$3.4mjd toegeneem. Totale IFRS-bedryfswins het VS\$107m bedra, vergeleke met 'n bedryfsverlies van VS\$426m in die vorige tydperk. Aangepaste verdienste voor rente en belasting (aVVRB) vir die e-Handelportefeuille - voorheen bekend as handelswins - het met VS\$206m (VS\$232m) tot 'n wins van VS\$168m verbeter, danksy die positiewe impak van hoër groei, innovasie en fokus op die resultate. Gekonsolideerde aVVRB vir die groep het met VS\$159m (VS\$186m) tot VS\$35m gestyg, wat ons versnelde winsgewendheidspad onderstreep. Prosus se intensie is om vir die volle jaar eindigend 31 Maart 2025 omset van VS\$6.2mjd (handhawing van 'n organiese groei bo 20%) en aVVRB van VS\$400m uit hul e-Handelbedrywighede te behaal, wat 'n groot verbetering is op die VS\$38m wat in die vorige finansiële jaar aangeteken is.

Verdienste uit voortgesette bedrywighede het tot VS\$2.0mjd toegeneem vanaf VS\$1.5mjd in die vorige tydperk. Kernwesensverdienste, ons maatstaf vir nabelaste bedryfsprestasie, het VS\$1.5mjd bedra - dit is 'n toename van 74% (88%). Hierdie sterk prestasie is ondersteun deur wesenlike verbeterings in e-Handel en Tencent.

Met hierdie resultate het die groep sy volgehoue verbintenis om winsgewende groei te lewer getoon. Gekonsolideerde e-Handelwingsgewendheid in 1H25 het dié van die voorafgaande 12 maande aansienlik oorskry. Ons verwag om hierdie groei voort te sit deur ons tempo van innovasie te versnel en implementering daarvan te verfy. Ons primêre fokus is om in kunsmatige intelligensie (KI) te belê, en die potensiaal van Prosus se tegnologie-ekosisteme ten beste te benut.

Ons gaan ook voort om met die onbeperkte aandeelrukoopprogram waarde vir ons aandeelhouders te skep. Sedert dié program in Junie 2022 van stapel gestuur is, het dit die getal vrylik verhandelbare aandele met 23% verminder en waarde ten bedrae van VS\$39mjd vir aandeelhouders geskep. Vanaf die bekendstelling van die program tot 30 September 2024, het die gekombineerde behorende maatskappy-diskonto van Naspers en Prosus met ongeveer 20 persentasiepunte gedaal. Oor dieselfde tydperk het Prosus 683 928 802 Prosus gewone aandele teen 'n totale waarde van VS\$20.4mjd teruggekopen, wat die netto batewaarde (NBW) per aandeel met 8.9% laat toeneem het. Naspers befonds sy onbeperkte aandeelrukoopprogram met gereelde verkope van Prosus-aandele. Teen 30 September 2024 het Naspers 261 778 817 Prosus gewone N-aandele verkoop en 45 983 041 Naspers N- gewone aandele teruggekopen, teen 'n waarde van VS\$7.1mjd.

Ons gedissiplineerde en meer aktiewe benadering tot die bestuur van ons portefuile het gelei tot die verkoop van ons belange in Trip.com, Tazz en Superbalist. Ná die verslagdatum het ons, as deel van die aanvanklike openbare aanbod (AOA) van Swiggy, 109 096 540 aandele in Swiggy vir ongeveer VS\$500m verkoop (bruto). Die interne opbrengskoers (IOK) van ons belang in Swiggy, gebaseer op die AOA-prys en die netto opbrengs van die belang wat ons verkoop het, was 18%. Eksterne beleggings (deur samesmeltings en verkrygings) in langtermyn-groeigeleenthede het VS\$290m bedra, wat aansienlik laer is as die hoogste vlak van VS\$6.2mjd in 2022. Indien geleenthede die nodige oortuiging bied, sal ons kapitaalontplooiing verhoog om ons ekosisteme, groei, winsgewendheid en waardeskepping uit te brei. Ons het ons fokus gedurende die afgelope maande beduidend verskerp. Ons is van mening dat die kombinasie van sterker prestasie in ons bedryfsondernemings en beter beleggings en ons onbeperkte aandeelrukoopprogram die dryfkrag sal wees vir langtermyn-waardeskepping en opbrengste vir aandeelhouders. Die kombinasie van sterk finansiële prestasie, waardeskepping deur samesmeltings en verkrygings, en 'n verdere verlaging van die diskonto is die grondslag van Fabricio se stremme om 'n groep te skep wat teen VS\$100mjd gewaardeer word, met uitsluiting van die belegging in Tencent.

iFood is een van die toppresterende kosafleweringsbesighede in die wêreld. In 1H25 het iFood se bestellings met 29% gegroei, en meer as 100 miljoen bestellings is in Augustus ontvang. Dit weerspieël sy volgehoue groeitempo. iFood se kern-restaurantkosafleweringsbesighede het vir die sterkste prestasie gesorg, met 'n beduidende

toename van VS\$76m in aVVRB. Dit verteenwoordig jaar-tot-jaar-groei van 85% in die plaaslike geldeenheid, met uitsluiting van samesmeltings en verkrygings. Sterk omsetgroei van 51% (30%) uit besighheidsuitbreidings is behaal danksy bydraes deur die kruidenierswaremark en kredietbesigheid, terwyl verliese aansienlik verminder is. Investering in iFood se ekosisteme sorg steeds vir 'n uitbreiding van die groei- en winspotensiaal van die besigheid.

- Die OLX geklassifiseerde advertensie-besigheid is daarop gefokus om goeie omsetgroei te genereer en winsgewendheid te verhoog. Inkomste uit Geklassifiseerde Advertisies het met 16% tot VS\$399m gestyg in die plaaslike geldeenheid (samesmeltings en verkrygings uitgesluit). Die grootste bydrae van 21%, afkomstig van OLX Europa, het gehelp om stadiger groei in OLX Suid-Afrika, met 9% in die plaaslike geldeenheid (samesmeltings en verkrygings uitgesluit), teen te werk.
- Ons Betalings- en Fintech-eenhede het oor die algemeen sterk presteer in die kern-betaaldiensverskaffer- en kredietafdelings, wat omsetgroei versnel en marges verbeter het, danksy bedryfshefboomkrag en optimale kostebeheer. PayU Indië pas vinnig by 'n toenemende mededingende landskap aan, waarin verskuiwings in betaalmengsels druk plaas op transaksiefouto koerse. Dit het sy prestasie belemmer omdat die verbod op die aanvaarding van nuwe handelaars eers in April 2024 opgehef is en wagtyd nodig is om nuwe handelaars te aktiveer en finansiële prestasie te verbeter. PayU Indië se betaaldiensverskaffer-besigheid het met 12% (14%) gegroei en die afgelope paar maande 'n volgehoue vinniger groeitempo getoon. Ons kredietbesigheid in Indië brei steeds uit en het 91% (93%) hoër omset gegeneer.
- eMAG se verkope het verder verbeter, danksy sterk groei van 25% (26%) in Roemenië, wat uitdagings in Hongarye en stadiger groei in Bulgarye goed teengewerk het. eMAG het gedurende die verslagdoeningstydperk aangekondig dat hy sy kosafleweringsbesigheid Tazz gaan verkoop. As gevolg van eMAG se sentralisering van al sy kommersiële ondersteuningsfunksies vir Hongarye in die werksaamhede van sy streekmark in Roemenië, en sy volgehoue fokus op die versterking van sy kernfasiliteiters en besigheid-na-verbruiker (B2C) vertikale portale, verwag ons nou dat eMAG vir FJ25 algehele winsgewendheid sal bereik.
- Die Edtech-besighede (opvoedkundige tegnologie) werk steeds aan die verbetering van finansiële prestasie te midde van die ontwrigtende impak van die breë aanvaarding van generatiewe kunsmatige intelligensie (GenAI) op sy inkomstepoel. Die besighede het gedurende die verslagdoeningstydperk omset verbeter en hul verliese beduidend verminder. Stack Overflow se API-diens (toepassingsprogrammeringskoppelvlak), wat saam met die groep se interne KI-span ontwikkel is, het die grootste bydrae tot die segment se omsetgroei vir die eerste helfte van die jaar gelewer.

Die groep se balansstaat bly sterk, met beskikbare bruto kontant van VS\$18.4mjd (korttermynbeleggings en die opbrengs met die verkoop van ons belang in Trip.com ingesluit) en netto kontant (rentedraende lenings en gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge ingesluit) van VS\$1.7mjd. Ons bly verbind tot die bestuur van ons balansstaat binne sy beleggingsgraad-status, en daarom is nie al die kontant op die balansstaat vir die groep beskikbaar nie. Op 30 September 2024 het ons geraam dat sowat VS\$10mjd beskikbaar is vir nuwe beleggings.

## Finansiële oorsig

Gekonsolideerde omset uit voortgesette bedrywighede het met VS\$436m (VS\$668m) of 14% (23%) toegeneem, van VS\$3.0mjd in die vorige tydperk tot VS\$3.4mjd. Dit was hoofsaaklik te danke aan sterk omsetgroei in Betalings en Fintech, e-Kleinhandel en Kosaflewering.

## Bedryfswins

Totale IFRS-bedryfswins het VS\$107m bedra, vergeleke met 'n bedryfsverlies van VS\$426m in die vorige tydperk. Dit kan toegeskryf word aan groter winsgewendheid in die groep se gekonsolideerde besighede en amper geen waardedalingverliese uit voortgesette bedrywighede in die huidige tydperk nie. In die vorige tydperk het ons waardedalingverliese op klandisiewaarde en ander bates ten bedrae van VS\$341m erken. Dit het hoofsaaklik verband gehou met Stack Overflow in die Edtech-segment. e-Handel se gekonsolideerde aVVRB uit voortgesette bedrywighede het in 1H25 met VS\$206m (VS\$232m) tot VS\$168m verbeter terwyl groei, skaal en kostevermindering winsgewendheid verhoog het. Die groep het aVVRB van VS\$35m aangeteken, teenoor 'n verlies van VS\$124m in 1H24.

## Netto finansieringsinkomste/-uitgawe

Die groep het sy netto rente-inkomste met VS\$34m van VS\$148m tot VS\$182m verbeter. Rente-inkomste het met VS\$32m of 7% van VS\$440m in die vorige tydperk tot VS\$472m in 1H25 toegeneem, danksy hoër rentekoerse en beskikbare kontantsaldo's. Rente-uitgawes het effens afgekom, van VS\$292m in 1H24 tot VS\$290m in 1H25.

Ander finansieringskoste het gedaal van 'n inkomste van VS\$222m in 1H24 tot 'n koste van VS\$149m in 1H25. Dit het hoofsaaklik verband gehou met 'n verlies op wisselkoersverskille met betrekking tot die omrekening van bates en laste.

## Aandeel van ekwiteitsverantwoorde resultate

Wins uit ekwiteitsverantwoorde resultate het met VS\$1.3mjd toegeneem, van VS\$1.2mjd in die vorige tydperk tot VS\$2.5mjd. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan Tencent se groter winsgewendheid asook groter bydraes deur sy geassosieerde maatskappye ten bedrae van VS\$404m, wat teengewerk is deur 'n toename in waardedalingverliese van VS\$146m.

'n Verlaging van 0.8% in die groep se Tencent-belang om Prosus se aandeelrukoopprogram te befonds, het gelei tot 'n wins van VS\$2.4mjd gedurende die tydperk (1H24: VS\$2.9mjd).

Verder het ons waardedalingverliese van VS\$89m op ekwiteitsverantwoorde beleggings erken met betrekking tot ongenoteerde ekwiteitsverantwoorde beleggings.

## Inkomstebelastinguitgawe

Die inkomstebelastinguitgawe het tot VS\$101m gestyg teenoor VS\$88m in die vorige tydperk. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan groter winsgewendheid in ons e-Handelbedrywighede.

## Verdienste, wesensverdienste en kernwesensverdienste

Verdienste uit voortgesette bedrywighede het van VS\$1.5mjd in die vorige tydperk gestyg tot VS\$2.0mjd. Dit is grotendeels te danke aan groter gekonsolideerde aVVRB en verbeterde winsgewendheid in ons ekwiteitsverantwoorde resultate, hoofsaaklik Tencent. Dit is teengewerk deur 'n laer wins op die gedeeltelike verkoop van die belegging in Tencent.

Kernwesensverdienste uit voortgesette bedrywighede het VS\$1.5mjd bedra - dit is 'n styging van 74% (88%) of VS\$642m. Dit was hoofsaaklik toe te skryf aan die groter winsgewendheid van ons gekonsolideerde e-Handelbesighede en ekwiteitsverantwoorde beleggings, veral Tencent.

Wesensverdienste uit voortgesette bedrywighede het met VS\$528m tot VS\$1.1mjd gestyg, danksy dieselfde faktore as dié wat ten opsigte van kernwesensverdienste genoem is.

## Verlies uit beëindigde bedrywighede

In Maart 2023 het die groep sy uitrede uit die OLX Autos-besigheidseenheid aangekondig. Al die bedrywighede van hierdie besigheid word as beëindigde bedrywighede weergegee, aangesien hulle teen 30 September 2024 van die hand gesit, as gehou vir verkoop geklassifiseer of gesluit is.

Verliese uit beëindigde bedrywighede gedurende die tydperk het VS\$106m beloop met betrekking tot die Autos-sake-eenheid. Dit sluit waardedalingverliese van VS\$84m in ten opsigte van ons Amerikaanse onderneming wat as gehou vir verkoop geklassifiseer is.

## Kontantsaldo's en vrye kontantvloei

Danksy die groep se sterk balansstaat is dit steeds goed geposisioneer om op koers te bly in 'n moeilike makro-ekonomiese omgewing. Op korporatiewe vlak het Naspers 'n netto kontantposisie van VS\$1.4mjd, wat bestaan uit VS\$17.0mjd sentrale kontant en kontantekwivalente (korttermyn-kontantbeleggings ingesluit), ná aftrekking van VS\$15.6mjd ten opsigte van sentrale rentedraende skuld (gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge uitgesluit). Ons het ook 'n ongebruikte wentelkredietfasiliteit van VS\$2.6mjd.

Die groep se vrye kontantvloei het VS\$854m bedra, wat 'n beduidende verbetering is op die vorige tydperk se vrye kontantvloei van VS\$425m. Dit was te danke aan die Kosaflewering- en Geklassifiseerde Advertensie-afdelings se groter winsgewendheid, en beter bedryfskapitaalbestuur in die Betalings en Fintech-segment. Tencent bly 'n beduidende bydraer tot ons vrye kontantvloei, by wyse van 'n hoër dividend van VS\$1.0mjd.

Die maatskappy se eksterne ouditeur het nie vooruitskattings wat by hierdie volle verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state ingesluit is, nagegaan of daarvoor verslag gedoen nie.

'n Rekonsiliasie van alternatiewe prestasiemaatstawwe met die ekwivalente Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde - oftewel IFRS-maatstawwe word onder 'Ander inligting - alternatiewe finansiële prestasiemaatstawwe' van die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state verskaf.

## Opstel van die bondige aankondiging

Die bondige aankondiging van resultate is opgestel onder toesig van die groep se finansiële direkteur, Basil Sgourdos GR(SA). Hierdie resultate sal op 2 Desember 2024 bekend gemaak word.

## ADB-program

Bank of New York Mellon bedryf 'n Global BuyDIRECT™-plan vir Naspers Beperk. Vir bykomende inligting, besoek Bank of New York Mellon se webwerf by [www.globalbuydirect.com](http://www.globalbuydirect.com) of skakel 'Shareholder Relations' by 1-888-BNY-ADRS of 1-800-345-1612 of skryf aan: Bank of New York Mellon, Shareholder Relations Department - GlobalBuyDIRECT™, Church Street Station, PO Box 11258, New York, NY 10286-1258, USA.

## Belangrike inligting

Hierdie verslag bevat vooruitskouende verklarings soos omskryf in die Verenigde State se Private Securities Litigation Reform Act van 1995. Woorde soos 'glo', 'verwag', 'van voorneme', 'beoog', 'sal', 'beplan', 'kan', 'mag', 'streef' en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouende verklarings te identifiseer, maar is nie die enigste manier waarop sulke verklarings geïdentifiseer kan word nie. Uiteraard hou vooruitskouende verklarings risiko en onsekerheid in omdat hulle op toekomstige gebeure en omstandighede betrekking het, en daarom moet hulle in die lig van verskeie belangrike faktore beskou word. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en verwagtings weergee, kan 'n aantal risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Die sleutelfaktore wat kan meebring dat ons werklike resultate of prestasies wesenlik van dié in die vooruitskouende verklarings verskil, is onder meer veranderings aan IFRS en die vertolkings, toepassings en praktieke onderhewig daaraan soos hulle op vorige, huidige en toekomstige tydperke van toepassing is; deurlopende en toekomstige verkrygings; veranderings in plaaslike en internasionale sake- en marktoestande soos wisselkoers- en rentekoersbewegings; veranderings in die plaaslike en internasionale regulatoriese en wettlike omgewings; veranderings in plaaslike en internasionale bedryfs-, maatskaplike, ekonomiese en politieke toestande; die voorkoms van arbeidsonderbrekings en nywerheidsnorus; en die uitwerking van beide huidige en toekomstige litigasie. Ons is geensins onder verpligting nie (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om vooruitskouende verklarings vervaar in hierdie verslag - hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeure of om enige ander rede - by te werk of te wysig. Ons kan geen gerusstelling verskaf dat vooruitskouende verklarings korrek sal blyk nie en beleggers word gemaan om nie te veel op enige vooruitskouende verklarings hierin staat te maak nie.

## Verdere inligting

Hierdie bondige aankondiging is die verantwoordelike van die direkteure en is slegs 'n opsomming van die inligting in die volledige verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag. Die volledige verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag sal op 2 Desember 2024 op SENS bekend gemaak word en is beskikbaar by [www.naspers.com](http://www.naspers.com) en [www.naspers.com/investors/results-reports-events/latest-financial-results](http://www.naspers.com/investors/results-reports-events/latest-financial-results). Afskrifte van die volledige verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag kan ook gedurende kantoorure sonder enige koste by die maatskappy se geregistreerde kantoor aangevra word. Enige beleggingsbesluit moet geneem word op grond van die volledige verkorte gekonsolideerde tussentydse verslag wat op SENS uitgereik is en op die maatskappy se webwerf verskyn.

Die inligting in hierdie bondige aankondiging is verkry uit die nagegane inligting wat op SENS uitgereik word, maar die bondige aankondiging self is nie nagegaan nie. Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande geëindig 30 September 2024 is hersien deur Deloitte & Touche, die onafhanklike ouditeur, wie se ongewysigde verslag by die volledige aankondiging ingesluit is.

Namens die direksie

**Koos Bekker**  
Voorsitter

**Fabricio Bloisi**  
Uitvoerende hoof

Kaapstad  
29 November 2024